



VALEO 500 SC

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY										
GEbruiksaanwysings ingesluit VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK Lotnommer Datum van vervaardiging	VALEO 500 SC FUNGICIDE 									
	Reg. No. L9086, Act/Wet No. 36 of/van 1947 1: 11/02/2013									
	A suspension concentrate, organic based fungicide for the control of diseases on crops as listed.									
	'n Suspensiekonsentraat, organies-gebaseerde swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos aangedui.									
	<table border="1"><thead><tr><th>FRAC FUNGICIDE GROUP CODE</th><th>M4</th><th>FRAC SWAMDODERGROEPKODE</th></tr></thead><tbody><tr><td colspan="3">ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL</td></tr><tr><td>Folpet (phthalimide)</td><td>500 g/l</td><td>Folpet (ptalimied)</td></tr></tbody></table>	FRAC FUNGICIDE GROUP CODE	M4	FRAC SWAMDODERGROEPKODE	ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL			Folpet (phthalimide)	500 g/l	Folpet (ptalimied)
FRAC FUNGICIDE GROUP CODE	M4	FRAC SWAMDODERGROEPKODE								
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL										
Folpet (phthalimide)	500 g/l	Folpet (ptalimied)								
DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG Batch Number Date of manufacture	Registration Holder / Registrasiehouer Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk. Reg. No. 2000/010819/07 P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika									
	10ℓ UN Number: 3082									
										
	 CAUTION / VERSIGTIG 									

WARNINGS

Allow the following number of days between last treatment and harvest or use as food or feed:

Tomatoes.....	3 days
Table grapes.....	not later than pre-blossom stage
Wine grapes.....	14 days

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements.

- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- May cause eye irritation and skin sensitisation.
- Store under lock and key in a cool place.
- Store away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- Toxic to fish.
- **Re-entry** – Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **Valeo 500 SC** has been tested on some of the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in future which need to be tested; for this apply **Valeo 500 SC** to a limited test area before commercial applications are made.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale fumes or spray mist.
- Avoid skin and eye contact by wearing protective clothing when mixing the product. Should contact occur, flush with plenty of water and seek medical attention.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the empty container by perforation and flattening.
- Do not use the empty container for any other purpose.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **Valeo 500 SC** is a group code M4 fungicide. Any disease population may contain individuals naturally resistant to **Valeo 500 SC** and other group code M4 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the disease population if these fungicides are used repeatedly. These resistant diseases may not be controlled by **Valeo 500 SC** or any other group code M4 fungicide.

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes.
- A spray programme of mixtures or alternations with remedies with a different mode of action may delay resistant strain build-up.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **Valeo 500 SC** as recommended, a resistant strain may be present. If a resistant strain is positively identified, consideration should be given to prompt use of a fungicide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant disease. For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product.

USE RESTRICTIONS

- Spray programmes with **Valeo 500 SC** should commence before disease/s become established.
- Do not apply **Valeo 500 SC** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Only apply **Valeo 500 SC** using an accurate and safe application technique.
- If **Valeo 500 SC** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed

MIXING INSTRUCTIONS

Half-fill the spray tank with suitable water, then add the required amount of **Valeo 500 SC** to the water in the tank while agitating. Fill the spray tank to the desired volume. Do not use brackish water. Should tank mixtures with other products be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. Where wettable powder formulations are used in combination with **Valeo 500 SC**, a slurry should firstly be made with the powder and some water, mixed into the spray tank and finally the **Valeo 500 SC** can be added. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank.** Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

COMPATIBILITY

The compatibility of **Valeo 500 SC** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made.

Valeo 500 SC is compatible with most agricultural remedies with the exceptions of Lime, Lime Sulphur and Bordeaux Mixture. Do not apply with any other Botrytis remedy in wine and table grapes. **Valeo 500 SC** is compatible with Vidac WG, Vidac Flo and Sovrin Flo.

APPLICATION METHODS

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application. **Valeo 500 SC** can be applied with conventional tractor boom sprayers in 300 – 500 ℓ water/ha as well as high volume mist blowers. **Constant agitation throughout the spray operation is essential.** Only clean water should be used.

RECOMMENDATIONS

CROP/DISEASE	APPLICATION RATE	REMARKS
Potatoes Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>) and Early blight (<i>Alternaria solani</i>)	2 ℓ / ha	Preventive treatment: Apply from emergence at intervals of 7 – 10 days with at least 500 ℓ water / ha in the pre-flowering stage and 1 000 ℓ / ha in the post-flowering stage. It is important to obtain thorough coverage especially after flowering. A suitable wetter may be used in a spray mixture.
Tomatoes Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>) and Early blight (<i>Alternaria solani</i>)	2 ℓ / ha	Apply preventively shortly after transplant and before disease symptoms appear. Depending on plant size apply in 300 – 1500 ℓ water / ha. Ensure thorough coverage of both leaf surfaces. Repeat application at 7 – 10 day intervals.
Table grapes Deadarm disease, Anthracnose and Downy mildew	200 ml / 100 ℓ water.	Recommended only until pre-blossom stage. Apply the first spray at budswell stage and thereafter repeat at 7 – 10 day intervals depending on weather conditions.
Wine grapes <i>Botrytis</i> rot Downy mildew	200 ml / 100 ℓ water. 200 ml / 100 ℓ water.	Apply the first spray at budswell stage and thereafter repeat weekly when weather conditions promote disease development. Pre-blossom: Apply when shoots are 10cm long and repeat at 7 – 10 day intervals depending on weather conditions. Blossom to 80 % petal drop: Only apply when blossoming period lasts for more than 14 days. Post blossom: Depending on weather conditions, apply twice or more at 7 – 14 day intervals.

WAARSKUWINGS

Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste toediening en oes, of vir gebruik as voedsel of voer:

Tamaties	3 dae
Tafeldruiwe	nie later as voorblom-stadium nie
Wyndruiwe	14 dae

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke maar mag dalk nie aan die vereistes vir uitvoer voldoen nie.

- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Irriterend vir oë en mag velsensitering veroorsaak.
- Berg agter slot-en-grendel in 'n koel plek.
- Bêre weg van voedsel, voer, kunsmis en ander landbouprodukte.
- Giftig vir visse.
- **Herbetreding** - Moet nie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **Valeo 500 SC** is sonder enige fitotoksisiteitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer vatbare kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **Valeo 500 SC** eers op 'n klein toetsoppervlakte aangewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en effek daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Vermy kontak met die vel en oë deur beskermende oorklere te dra wanneer die produk gemeng word. In geval van toevallige kontak, spoel uit met baie water en kry mediese hulp.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Verhoed wegdrywing van die spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik. Raak ontslae van spoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Spoel die leë houer **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die leë houer vernietig word deur gate daarin te maak en plat te slaan.

- Moet nie die leë houer vir enige ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandbestuur is **Valeo 500 SC** 'n groepkode M4 swamdoder. Enige siekte mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Valeo 500 SC** of enige ander groepkode M4 swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die siekte-populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **Valeo 500 SC** of enige ander groepkode M4 swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermoë die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende swamdodergroepcodes.
- 'n Spuitprogram of tenkmengsels met middels met 'n ander metode van werking kan die opbou van weerstandbiedendheid vertraag.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in siektebeheerprogramme.

Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word gebruikers aangeraai om behandelde gewasse noukeurig dop te hou. Indien die behandeling met **Valeo 500 SC** soos aanbeveel nie doeltreffend was nie, mag 'n weerstandbiedende populasie teenwoordig wees. Indien 'n weerstandbiedende populasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik oorweging geskenk word aan die gebruik van 'n swamdoder met 'n ander metode van werking, waarvoor daar geen rekord van weerstand teen die betrokke siekte is nie. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Spuitprogramme met **Valeo 500 SC** moet in aanvang neem voordat die siekte(s) posvat.
- Moet nie **Valeo 500 SC** op enige gewas of situasie toedien wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Dien **Valeo 500 SC** slegs met akkurate en veilige toedieningstegnieke toe.
- Indien **Valeo 500 SC** in 'n tenkmengsel met ander aanbevole produkte gebruik word, moet oorweging geskenk word aan die beperkings van daardie betrokke produkte.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui

MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met skoon water en voeg dan die verlangde hoeveelheid **Valeo 500 SC** by die water in die tenk terwyl dit geroer word. Vul die spuittenk tot die verlangde volume. Moenie brakwater gebruik nie. Indien tenkmengsels met ander produkte gemaak word, volg die betrokke vervaardiger se etiketaanbevelings. Waar benatbare poeiers in kombinasie met **Valeo 500 SC** gebruik word, moet eerstens 'n flodder van die poeier en 'n bietjie water gemaak word, in die tenkwatër gemeng word en laastens word **Valeo 500 SC** by die spuitmengsel gevoeg. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.** Spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word aan die einde van toediening.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **Valeo 500 SC** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater. Aangesien formulering van tyd tot tyd verander, word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen alvorens 'n tenkmengsel gemaak word.

Valeo 500 SC is verenigbaar met die meeste landboumiddels met uitsondering van Kalk, Kalkswael en Bordeaux Mengsels. Dit moet ook nie saam met enige ander *Botritis*-middel in wyn-en tafeldruiwe toegedien word nie. **Valeo 500 SC** is verenigbaar met Vidac WG, Vidac Flo en Sovrin Flo.

TOEDIENINGSMETODES

Verseker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gereeld gedurende toediening nagegaan word om egalige en akkurate toediening te verseker. **Valeo 500 SC** kan toegedien word met konvensionele trekkerbalkspuite in 300 - 500 l water/ha sowel as hoë-volume newelblasers. **Konstante roering deur die hele spuitoperasie is noodsaaklik.** Slegs skoon water moet gebruik word.

AANBEVELINGS

GEWAS/SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
Aartappels Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>) en Vroeë roes (<i>Alternaria solani</i>)	2 l / ha	Voorkomende behandeling: Dien toe vanaf opkoms met tussenposes van 7 - 10 dae in ten minste 500 l water / ha in die voor-blomstadium en 1 000 l / ha in die na-blomstadium. Dit is belangrik om deeglike bedekking te verkry, veral na blom. 'n Geskikte benatter kan by die spuitmengsel gevoeg word.
Tamaties Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>) en Vroeë roes (<i>Alternaria solani</i>)	2 l / ha	Dien toe as 'n voorkomende bespuiting kort na uitplant en voordat die siektesimptome verskyn. Afhangende van plantgrootte dien toe in 300 - 1500 l water/ha. Verseker dat die boonste en onderste blaaroppervlaktes deeglik bedek word. Herhaal toediening met 7 - 10 dae tussenposes.
Tafeldruiwe Streepvleksiekte, Antraknose en Donsskimmel	200 ml / 100 l water	Slegs aanbeveel tot voor-blomstadium. Dien die eerste bespuiting toe by ogieswelstadium en herhaal met 7 - 10 dae tussenposes afhangende van weerstoestande.

Wyndruiwe <i>Botritis</i> vrot Donsskimmel	200 ml / 100 l water 200 ml / 100 l water	Dien die eerste bespuiting toe by ogieswelstadium en herhaal weekliks wanneer weerstoestande gunstig is vir die ontwikkeling van die siekte. Voor-blom: Dien toe sodra lote 10 cm lank is en herhaal met 7 - 10 dae tussenposes afhangende van weerstoestande. Blom tot 80% blomblaarval: Dien slegs toe indien blomtydperk langer as 14 dae duur. Na-blom: Dien twee of meer keer toe met 7 - 14 dae tussenposes afhangende van weerstoestande.
---	---	---